Helderberg Gemeente – Sondag 8 Februarie 2009
Teks: Rom 10:5-15
Tema: Die voetstappe van die boodskapper
Liturg: Hannes Theron

Teks:
NAV: Rom 10: [5]Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen wat die wet beveel, daardeur sal lewe. [6]Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: "Moenie by jouself sê: 'Wie sal na die hemel toe opklim?' nie," dit is, om Christus af te bring, [7]"Of: 'Wie sal na die onderaardse diepte toe afdaal?' nie," dit is, om Christus uit die dood terug te bring. [8]Nee, die Skrif sê: "Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart." En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: [9]As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. [10]Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. [11]Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie." [12]"Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, [13]want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. [14]Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? [15]En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."

Preek:
Jy het ook seker die week die epos gekry oor die advertensieveldtog op die rooi busse in Londen wat lui: "There's probably no God. Now stop worrying and enjoy your life." Die oorspronklike advertensie het gelui: "There is no God. Now stop worrying and enjoy your life". Volgens die Britse advertensiewette moet dit, wat jy in 'n advertensie sê, bewys kan word. Die adverteerders is dus gedwing om die woord "probably" in te sluit.

Dit is natuurlik ontstellend dat mense so-iets kan doen en soveel geld op só 'n advertensieveldtog kan bestee - £150 000 is daavoor ingesamel – dit in 'n tyd waar dit juis ekonomies nie te goed gaan met baie in Engeland nie. Die epos het nogal 'n hewige reaksie by baie Christene ontlok. Nou het ek ook-al geleer, of sal ek liewer sê, ek probeer leer, om nie te vinnig te reageer nie. 'n Saak het mos altyd drie kante: My kant, jou kant en die regte kant. 'n Berig in Saterdag se Die Burger gee 'n baie interessante perspektief op die aangeleentheid. In die berig, "Christene, ateïste pak mekaar op Londen-busse", word beweer dat die advertensie 'n reaksie is op 'n advertensie van 'n groep Christene met die boodskap dat nie-gelowiges ewig in die hel gemartel sal word en dat hulle permanent in 'n "meer van vuur" sal brand. 'n Ander groep Christene kap

nou weer terug met ‘n ander advertensie: “There is a God; Believe. Stop worrying and enjoy your life.”

Wat ‘n interessante manier van evangelisasie!! Is dit nou ’n manier om die evangelie uit te dra? Dit lyk vir my meer na ’n woordewisseling tussen twee groepe, Christene versus nie-gelowiges, waarin daar geen wenner gaan wees nie. As ’n mens deur argumente tot bekering moes kom, sou ’n beter argument jou weer daar kon uitpraat.

Dit bring my dadelik by die vraag: Hoe moet ons die evangelie verkondig? Wat behels die verkondiging van die evangelie? Eintlik nog beter gestel: Hoe help ons mense om daar waar hulle woon en werk God se Koninkryk raak te sien, te ontdek? Hoe help ons mense om raak te sien dat God se koninkryk naby is, so naby dat hulle daarvan deel kan wees?

In Romeine 10 stel Paulus die vraag aan die orde hoe ek my saak met God reg maak. Die antwoord is kort en kragtig: *“Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.” En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: [9]As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. [10]Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.*

Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart: God se genade is baie naby. Paulus verwoord dit so mooi: “Jy hoef nie in jou hart te wonder: *Wie sal na die hemel opklim – dws om Chrsitus na die aarde te bring om jou te help, of: Wie sal na die plek van die dooies onder die aarde afdaal – dws om Christus uit die dood uit terug te bring. Nee, die verlossing wat joune word deurdat jy glo, is sommer hier by jou (NLV vs 6-7).* Om een of ander rede wil ons dit vir onsself en vir ander vreeslik moeilik en ingewikkeld maak om kind van die Here te kan wees. Dit bly vir my altyd aangrypend mooi dat wannner Jesus in Lukas 10 die mense uitstuur om Sy getuies te wees, Hy hulle uitstuur met ‘n baie eenvoudige boodskap: *Die koninkryk van God is naby*. Om deel van God se koninkryk te wees, om deel te kan hê aan Sy transformasie/heling/versoening met ons is binne ons bereik. Dit is presies wat genade is. Genade omskryf God se houding teenoor ons. Ons is op Hom aangewese. Ons kan net aan sy hand veilig wees; net so lank ons sy glimlag sien, kan ons verlig voel. Ons is voortdurend afhanklik van sy direkte sorg, leiding en bewaring. As ons ons gemeenskap met Hom verbreek, kan niks sy plek in ons lewe innneem nie. Genade is om God se glimlag te sien en sy hand te voel – dit is ‘n persoonlike verhouding. Genade is nie iets nie, dit is ‘n gesindheid. Genade beskryf God se houding teenoor ons. Die drie-enige God se basiese houding tenoor sondaars is ‘n gesindheid van genade. Genade is God se glimlag – of nog duideliker gesê: die glimlaggende God. En sy glimlag bring sy hand in beweging. Daar sit ‘n wonderlike rojaliteit in God se genade. Hy kan sy hand opmaak. Hy kan gee. Hy gee aan mense, wat dit nie verdien het nie, ‘n oorvloed. Dink maar net aan die arbeiders daar in

die wingerd (Matt 20:1-16) – al die arbeiders kry dieselfde loon – die wat een uur gewerk het en die wat die hele dag in die son geswoeg het. God boer met genade.

Jesus is Here: God het sy Seun gegee sodat elkeeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hy is die Middelaar: niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. En alle goeie gawes wat uit die hemel neerdaal, kom deur Christus ons tegemoet. Daar is geen weg tussen hemel en aarde buite Christus om nie. Daarom sê Paulus in 1 Tim 2: *[5]Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus [6]wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.* En daarom wemel dit ook in die Nuwe Testament van die uitdrukking in Christus. In Christus leef, beweeg en is ek! Daarom is 'n verhouding van geloof in Christus, oorgawe aan Hom en liefde vir hom van beslissende betekenis. Dit is vir my altyd so lekker om die Heidelbergse Kategismus, ons ou kerkvaders se verstaan hieromtrent, te lees: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met Sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het.

Geloof: Om God se aanbod in Christus sondermeer te aanvaar, dit is geloof (Rom 3:25). Om te glo, beteken om as't ware uit jouself te klim en na Jesus toe te gaan. Om te glo, veronderstel dus om te erken dat jy in jouself verlore is, dat jy nie aan God se eise voldoen nie, dat jy nie reg is met God nie. Om te glo is iets soos 'n publieke bankrotverklaring: Alles wat ek het – en 'n mens kan baie hê (godsdienstige waardes, baie mooi ideale, wonderlike dade van opoffering en liefdesdiens – maar selfs dit alles is nie genoeg om op my eie verdienste voor God te staan nie. Om te glo, beteken om heeltemal op Christus gerig te wees, alles wat nodig is van Hom te verwag, in sy kruis en opstanding die enigste hoop en troos te sien, Hom aan te neem as die een wat genoeg gedoen het om my verlore saak by God reg te maak en my bankrotboedel te beredder. As ek glo, bely ek dat ek net een hoop het om deur God aangeneem te word, en dit is wat Hy in Jesus vir my gedoen het.

Hoe heerlik klink die voetstappe van die boodskapper!

Wat 'n wonderlike boodskap! Dit is die boodskap vir ons en dit is die boodskap wat aan ons toevertrou is om verder uit te dra. Paulus stel dit so mooi vanaf vers 14-15 (NLV): *"Maar hoe sal hulle Hom aanroep as hulle nie in Hom glo nie? En hoe sal hulle in Hom glo as hulle nog nie van Hom gehoor het nie? En hoe sal hulle van Hom hoor sonder dat daar iemand is wat die boodskap bring? En hoe sal hulle die boodskap bring as hulle nie gestuur word nie? Daarom sê die Skrif: Hoe lieflik klink die voetstappe van hulle wat die goeie boodskap bring!"* Paulus vra 'n paar goeie vrae en dan gee hy sommer self 'n baie goeie antwoord – Hoe hoor mense hierdie wonderlike boodskap? Deur die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring!! En hoe klink die voetstappe – dit is

jou voetstappe as ma, pa, vriend, kollega by die werk, seun en dogter, mede-eienaar. Ek dank die Here vir die voetstappe van mense wat nie geskroom het om die evangelie vir my te bring nie; wat dit met opgewondenheid met my gedeel het.

Dit is interessant dat Paulus juis hier praat van voetstappe. Voetstappe is meer as net ‘n boodskap wat gebring moet word – dit is mense wat ‘n boodskap uitleef. Jesus Christus het die verkondiging van sy Goeie Nuus aan ‘n reklamemaatskappy toevertrou nie. Hy het net sy dissipels uitgestuur. Hy het hulle ook nie opdrag gegee om advertensieborde op te sit en pamflette uit te deel nie. Hy het gesê hulle moet net in hulle gewone lewe wys wat hulle glo. Om te getuig is nie ‘n stokperdjie nie of ‘n een-dag-week –aktiwiteit nie. Dit is ‘n lewenstyl. ‘n Mens getuig nie van Christus wanneer dit jou pas nie. Jy is ‘n getuie. Jy leef jou getuienis, ook wanner jy glad nie eens daaraan dink nie. Jou voetstappe verklap wie jy is en watter boodskap jy bring!! Mense verstaan net soveel van God se liefde en genade as wat hulle in ons lewe sien. Die eerste Bybel wat baie mense lees, is jou lewe; en die eerste wat baie mense hoor, is jou voetstappe.

Vir Paulus klink voetstappe van hulle wat die goeie bring soos musiek in die ore. Ons moet openlik leef wat ons glo. Waar ek kom, waar my werk my bring, in vergaderings en konferensies, in die harde werklikheid van die sakewêreld, dáár moet dit wat ek in my hart glo, ook met my mond bely word en met my dade bevestig word. Daar moet ek as Christen sigbaar wees, moet ek hoorbaar wees met my getuienis, moet ek so optree dat my dade ander nader trek na Jesus toe, moet dit so vervullend lyk om vir Christus te lewe dat ander nie kan wag om my voorbeeld te volg nie.

Dit is al oor-en-oor bewys dat die oorgrote meerderheid mense wat die goeie boodskap gehoor en aanvaar het, gereageer het op die voetstappe van boodskappers wat baie na aan hulle leef en werk.

Hoe klink jou voetstappe in jou huis of daar waar jy werk? Is dit voetstappe wat ander rondom jou opgewonde maak oor God se genade, oor Christus wat Here is, oor geloof in Christus.